

SONDAGSKOOL LES: Die profeet Daniel - 'n Reputasie van sterk wees

Doel van les:

- Eerste les in ons reeks oor Daniel en sy vriende. Nadat hulle hierdie reeks voltooi het, sal hulle leer dat om 'n heilige en skoon lewe te leef 'n sterk en Goddelike reputasie bou. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

Ysbreker: Gee vir elke kind die 'Wat is my reputasie' uitdeelstuk. Wanneer hulle klaar is, verduidelik hoe maklik dit is om 'n reputasie te kry en hoe party se reputasie goed is en ander sin sleg. Vra hulle om te dink oor wat hulle reputasie is.

Vrae in groepe:

- Wat beteken die woord 'reputasie'?
- Wat sou jy doen as een van jou vriende by die skool vir jou 'n sigaret aanbied? Wat sal jou eerste reaksie wees?
- Wat van iets wat dalk nie vir jou so verkeerd lyk nie (maar steeds is) soos 'n vriend wat wil hê jy moet 'n PG-18 flied saam met hulle kyk sonder jou ouers se toestemming? Sal jy dadelik 'nee' sê?

Kry terugvoering.

Sê: Reputasie: Wat mense dink van iemand as gevolg van hulle houding, dade of wat hy/sy gesê het.

Wat ons doen in gevalle soos hierbo genoem gee ons 'n reputasie, of goed of sleg. Wanneer ons ingee en iets doen wat verkeerd is, word ons reputasie vir goed doen, swak. As ons vinnig 'nee' sê en sterk staan vir wat moreel reg is, bou ons 'n sterk reputasie van reg doen.

Groepwerk: Lees Daniël 1:1-21 (Daniël kies om God te eer)

1. Hoekom wou die owerste van die hofdiensars hê dat Daniël en sy vriende die koning se kos moet eet? (Sodat hulle sterk sou wees en gesond soos die ander.)
2. Daniël wou niks eet of drink wat onrein was nie en daarom het hy gevra dat die dienskneg iets anders vir hom moes bring. Wat was dit? (Groente en water.)
3. Hoe het Daniël en sy vriende bewys dat hulle nie die koning se kos nodig gehad het nie? (Na die tien dae toets was hulle sterker en het hulle beter gelyk as die mense wat wel die koning se kos geëet het.)
4. Hoe is Daniël beloon vir 'n sterk reputasie as een wat God eer? (God het vir hom wysheid en kennis gegee en hy is toegelaat om te dien voor die koning.)
5. "In Daniël se tyd", is sekere kosse as onrein en verbode beskou. Watter dinge het ons in hedendaagse tyd wat as onrein en verbode beskou kan word as Christene?

Kry terugvoering.

Aktiwiteit: Gee vir elke groep 'n blaai en pen en vra hulle om tien maniere neer te skryf hoe hulle 'n sterk reputasie vir goed doen kan bou.







Laat elke groep kom lees wat hulle gekry het.

'n Reputasie word gebou deur iets oor en oor te doen. Indien jy die regte ding oor en oor doen, bou jy 'n reputasie vir goed doen. As jy dus die verkeerde ding oor en oor doen, bou jy 'n reputasie vir doen wat verkeerd is. Hoe meer jy die regte ding doen hoe makliker sal dit word om die regte ding te doen. Ander sal ook sien dat jy 'n sterk Christen is, iemand om na op te kyk. Daniël se reputasie wat heel duidelik baie sterk. Maak nie saak in watter situasie hy homself bevind het nie, Hy het altyd gesorg dat hy God eer en nie toegelaat dat sleg sy lewe binnekom nie. Ons kan almal 'n waardevolle les van Daniël leer oor hoe om 'n sterk en Goddelike reputasie te bou.

Sluit af met gebed in groepe.

Wat is my reputasie?

Skryf een woord van die lysie woorde gegee, onder die prentjie neer wat die beste die reputasie beskryf van dit wat jy sien.



Hardkoppig

Gesond

Stadig

Lojaal

Slordig

Snoesig

Kwaai